HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 92 van 2026**

25 Augustus 2026

## REËLINGS VIR BETHLEHEM TENNISTOER: 2 TOT 5 SEPTEMBER 2026

Geagte Randjie-tennisouer/-voog,

Die toernooi vind van **Donderdag, 3 September 2026 tot Saterdag, 5 September 2026** plaas. Ons vertrek reeds **Woensdag, 2 September 2026** om **10:00**.

Me. Kyla Hoogendoorn, Mnr. Pieter Els en Mnr. Jurgen Brits vergesel die spanne en sal as spanbestuurders optree. Verblyf is, soos in die verlede, by Petronella Gastehuis net buite Bethlehem.

Spelers moet die volgende vir die toernooi inpak:

| Seuns | Dogters |
|---|---|
| **Stel 1** | **Stel 1** |
| Wit tennishemp | Vlootblou (navy) ster tennishemp |
| Vlootblou (*navy*) tennisbroek | Vlootblou (*navy*) tennisbroek |
| Wit tenniskouse | Wit tenniskouse |
| **Stel 2** | **Stel 2** |
| Wit ster tennishemp | Skool se sporthemp<br>(selfde as netbal en hokkie) |
| Vlootblou (*navy*) tennisbroek | Skool se sport-*skort* |
| Wit tenniskouse | Wit tenniskouse |
| **Stel 3** | **Stel 3** |
| Blou ster tennishemp | Wit ster tennishemp |
| Wit tennisbroek | Blou tennis-*skort* |
| Wit tenniskouse | Wit tenniskouse |

**Die volgende benodighede vir die toer moet ingesluit word:**

- Skoolsweetpak
- Warm klere
- Gewone klere na wedstryde
- Toiletware

- Waterbottel(s)
- Eie kussing
- Swemklere
- Handdoek – swem en bad
- Sakgeld
- Enige medisyne wat u kind neem (stel ons asseblief hiervan in kennis)

Leerders moet vir die busrit in hul skoolsweetpak en LO-hemp geklee wees.

Die toernooiprogram sal aan u gekommunikeer word sodra ons dit ontvang. Aangeheg is 'n vrywaringsvorm asook 'n vorm vir mediese besonderhede wat asseblief voltooi moet word. Dit sal waardeer word as u die vorms so spoedig moontlik kan terugstuur, sodat finale reëlings getref kan word. Alle vorms moet asseblief na Me. Sanmarie de Kock gestuur word. Indien daar navrae is, kan u Sanmarie de Kock by tennis@hsrandburg.co.za kontak.

Vriendelike Randjiegroete,

S. de Kock
Tennisorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

## TOESTEMMING, VRYWARING EN DISSIPLINÊRE OOREENKOMS

Hierdie vorm word deur die ouer/wettige voog van die leerder (soos hieronder omskryf) voltooi om toestemming tot die leerder se deelname aan skoolverwante aktiwiteite te verleen, soos bedoel in die Skolewet, insluitende toere/uitstappies/ligabepalings/optredes van Hoërskool Randburg.

| 1. | **LEERDERINLIGTING** | |
|---|---|---|
| | Naam en Van | ("die leerder") |
| | Graad | |
| 2. | **SKOOLINLIGTING** | |
| | Distrik | Johannesburg-Noord D10 |
| | Naam | Hoërskool Randburg |
| | Hoof | P Booysen |

| 3. | **BESONDERHEDE VAN SKOOLAKTIWITEIT** | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Tipe aktiwiteit (merk met x) | Oornag toer | x | Sport-bepaling | | Kultuur-optrede | | Skoolkamp | | Ander | |
| | Doelwit van die aktiwiteit (merk met x) | Sportdeelname en -ontwikkeling | | | | | | | | | |
| | | Kultuurdeelname en -ontwikkeling | | | | | | | | | |
| | | Akademiese verryking/deelname | | | | | | | | | |
| | | Leierskap-/persoonsontwikkeling | | | | | | | | | |
| | | Ander | | | | | | | | | |
| | Indien ander, omskryf asb. | | | | | | | | | | |
| | Bestemming | Bethlehem, Vrystaat | | | | | | | | | |
| | Datum en tyd van vertrek | Woensdag, 2 September 2026 | | | | | | | | | |
| | Datum en tyd van terugkeer | Saterdag, 5 September 2026 | | | | | | | | | |
| | Tipe vervoer (merk met x) | Busvervoer (skool en kontrakteurs) | x | Trein | | Vliegtuig | | Eie vervoer | | | |

**4. TOESTEMMING VAN DIE OUER/WETTIGE VOOG**

Ek ________________________________________________ (volle naam en van) dié ouer / wettige voog (omkring die korrekte) verleen hiermee toestemming dat die bovermelde leerder die skoolaktiwiteit soos aangedui mag bywoon.

Verder verklaar ek soos volg:

- Dat ek volledig ingelig is en verstaan wat die doel, aard en risiko's van die vermelde skoolaktiwiteit is.
- Dat die program van die aktiwiteit aan my bekend is.
- Dat ek bewus is van en toestemming tot aangeduide vervoerreëlings verleen.
- Dat ander reëlings soos verblyf aan my bekend is.
- Dat ek oor die kontakinligting van die betrokke aktiwiteitshoof/organiseerder/afrigter beskik.
- Dat die betrokke leerder aan die skool- en aktiwiteitspesifieke gedragskodes onderworpe is en te alle tye by die reëls moet hou.

Verder verstaan ek dat in die geval van 'n ongeluk of besering van die genoemde leerder, die aktiwiteitshoof/bestuurder alle redelike stappe sal neem om my te kontak om my toestemming tot mediese versorging waar nodig, te verkry. Indien ek nie gekontak kan word nie, verleen ek volmag aan die volgende lede van my familie om namens my toestemming te verleen.

| Naam en Van | | Verwantskap met leerder | Kontaknommers | |
|---|---|---|---|---|
| 1. | | | Selfoon | |
| | | | Huis | |
| 2. | | | Selfoon | |
| | | | Huis | |

Verder verstaan ek dat ingeval geen van die gespesifiseerde persone beskikbaar is nie, die aktiwiteitshoof/bestuurder *"in loco parentis"* in belang van die welstand van die leerder sal optree
Ek verklaar dat ek die mediese inligtingsvorm volledig en korrek voltooi het en hiertoe aanheg.
Verder neem ek kennis van die skool- en aktiwiteitsgedragskodes en verklaar dat ek my van die inhoud daarvan vergewis het.
Ek verklaar dat die leerder na my beste wete fisies in staat is om aan die gemelde aktiwiteit deel te neem.

## 5. VRYWARING

Alhoewel alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van die genoemde leerder op die skooluitstappie, besef ek dat daar altyd risiko's verbonde is aan die deelname aan enige sport of ander aktiwiteite Ek besef verder dat sodanige risiko's insluit besering, dood of verlies van eiendom as gevolg van, byvoorbeeld, deelname aan die aktiwiteite, die blote ondersteuning daarvan, reis in voertuie, verblyf, blootstelling aan diere, insekte, defektiewe geboue of strukture, water en ontspanningsaktiwiteite.

Insoverre die reg dit toelaat, doen ek hiermee namens myself en die leerder, en indien reeds 18 jaar oud, doen die leerder selfstandig, afstand van enige eise van welke aard ook al teen Hoërskool Randburg, sy personeel of enige ander persoon betrokke by die Uitstappie ("**HSRB**") wat mag spruit uit enige besering, dood of eiendomsverlies tydens of as gevolg van die aktiwiteit.

Ek vrywaar en hou HSRB skadeloos teen enige skade, eis, regsaksie, vonnis, koste en uitgawes wat teen HSRB aanhangig gemaak of aangegaan mag word ten opsigte van enige:

- verlies of skade aan eiendom tydens of as gevolg van die aktiwiteit;
- dood of besering van welke aard tydens die aktiwiteit, insluitend sielkundige skade of naamskending, en wat voortspruit uit enige oorsaak, insluitend die gebruikmaking van voertuie, fasiliteite, dienste of die inname van kos of vloeistof, of die deelname aan enige geskeduleerde, ongeskeduleerde of vrywillige aktiwiteite van enige aard tydens die aktiwiteit.

As ouer en voog stem ek hiermee in dat die leerder, as minderjarige, gebonde is aan hierdie vrywaring. Indien die leerder nie ingevolge die geldende reg in staat is om van sy/haar regte afstand te doen soos voormeld nie, vrywaar ek HSRB teen enige sodanige eise in my persoonlike hoedanigheid.

Ek aanvaar verantwoordelikheid en hou HSRB skadeloos vir die betaling van alle mediese en/of hospitaalrekeninge in geval van enige besering wat my kind mag opdoen.

## 6. KONTAKBESONDERHEDE VAN OUER/WETTIGE VOOG

<table>
<tr><td>6.1</td><td>Naam en Van</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td>6.2</td><td>Verwantskap aan leerder</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td rowspan="3">6.3</td><td rowspan="3">Adres</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td rowspan="3">6.4</td><td rowspan="3">Kontaknommers</td><td>Selfoon</td><td></td></tr>
<tr><td>Huis</td><td></td></tr>
<tr><td>Werk</td><td></td></tr>
<tr><td>6.5</td><td>Handtekening</td><td colspan="2"></td></tr>
<tr><td>6.6</td><td>Datum</td><td colspan="2"></td></tr>
</table>

## 7. KONTAKBESONDERHEDE VAN LEERDER

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 | Naam en Van | | |
| 7.2 | Adres | | |
| | | | |
| | | | |
| 6.4 | Kontaknommers | Selfoon | |
| | | Huis | |
| 6.5 | Handtekening van leerder indien 18 jaar en ouer | | |
| 6.6 | Datum | | |

## 8. DISSIPLINÊRE-OOREENKOMS

Hiermee verbind ek __________________________ (naam en van) in graad _______ my tot die reëls soos hieronder uiteengesit.

Reëls vir toere / uitstappies / ligabepalings / optredes / ander skoolaktiwiteit.

8.1 Respekvolle optrede teenoor mede-leerders, fasiliteerders, toesighouers, ouers en onderwysers word verwag.

8.2 Gehoorsaamheid aan die instruksies van die toerleier, fasiliteerder, toesighouer, ouer en onderwyser word verwag.

8.3 Daar word gehou by geskeduleerde aktiwiteite soos op die program aangedui. Geen afwykings of alternatiewe of "op die ingewing van die oomblik"-aktiwiteite word toegelaat nie.

8.4 Geen leerder, of groep leerders, beweeg rond of neem deel aan enige aktiwiteite sonder formele gesanksioneerde toesighouers nie.

8.5 Die gebruik van, of saamneem van enige alkoholiese, tabak- of dwelmmiddels of ander onwettige produkte word nie toegelaat nie.

8.6 Optrede teenoor lede van die teenoorgestelde geslag moet aan die hoogste vlak van morele standaarde voldoen.

8.7 Geen afknouery of boelie-gedrag, verbaal en/of nie-verbaal, word toegelaat nie.

8.8 Diefstal van items, produkte of voorrade word streng verbied.

8.9 Rassistiese optrede word ten sterkste verbied.

8.10 Speletjies wat 'n ander leerder se fisiese veiligheid bedreig, word ten sterkste verbied.

8.11 Die gebruik van tegnologie en sosiale media om die privaatheid van ander leerders te skend of negatiewe en afbrekende kommentaar te lewer, óf onwaarhede te versprei word verbied.

8.12 Grappies en/of kommentaar rakende terroriste-aktiwiteite word verbied.

8.13 Onwelvoeglike samesyn met leerders van die teenoorgestelde of dieselfde geslag is onwenslik en word verbied.

8.14 Geen items van enige aard mag by busse of ander vervoermiddels se vensters uitgegooi word nie.

8.15 Optrede tydens vervoer moet beheersd wees en nie die veiligheid van die bestuurder of ander leerders bedreig nie.

8.16 Wateraktiwiteite:

- Geen leerder betree enige "oop" water, dam, rivier, meer of poel sonder 'n behoorlike reddingsbaadjie nie.
- Geen leerder betree 'n boot of enige ander vaartuig op water, sonder 'n erkende reddingsbaadjie nie.
- Geen swem of enige wateraktiwiteit word aan deelgeneem sonder die toestemming en toesig van die toerleier/ aktiwiteitsbestuurder nie.
- Indien 'n leerder nie kan swem nie, mag hy/sy onder geen omstandighede aan enige wateraktiwiteite deelneem nie.

8.17 Hindernisbane:

- Indien 'n leerder aan fisiese beperkinge of siekte blootgestel is, mag daar nie aan sulke aktiwiteite deelgeneem word nie.
- Deelnemers moet die instruksie van die fasiliteerder navolg en nie eie tegnieke of aksies op óf in hindernisse uitvoer nie.
- Geen deelname aan hindernisse word sonder toesig toegelaat nie.
- Verseker dat hindernisse bruikbaar en in 'n werkende en goeie toestand is voordat daar deelgeneem word.

8.18 Oorslaap

Elke leerder slaap op die toegewysde plek. Niemand loop in die nag rond nie. Seuns en dogters bly apart. Geen oor en weer gekuier word toegelaat nie.

8.19 Eiendom

Geen vandalisme van enige aard sal aanvaar word nie. Normale gebruik en gebruiksaanwysings waar van toepassing word gebruik.

8.20 Toerlede/leerders op ekskursie of uitstappie mag onder geen omstandighede met onbekende lede van die publiek praat of in voertuie klim of saam wegstap vir watter rede ook al nie.

Geteken te _________________ (plek) op hierdie die ______ (dag) van __________________ (maand) _______ (jaar).

**HANDTEKENING VAN LEERDER:** ________________________________

HOËRSKOOL RANDBURG

# MEDIESE INLIGTING VAN LEERDER

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Leerder (naam en van) ("die leerder") | | | | | |
| 2 | Geboortedatum | | | | | |
| 3 | Naam van ouer/wettige voog | | | | | |
| 4 | Huisadres | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 5 | Kontakbesonderhede van ouer/wettige voog | Huis | | | | |
| | | Werk | | | | |
| | | Selfoon | | | | |
| 6 | Werksadres van ouer/wettige voog | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 7 | Behoort die leerder aan 'n mediese fonds? | JA | | | NEE | |
| | Naam van mediese fonds | | | | | |
| | Mediese fondsnommer | | | | | |
| 8 | Naam van huisdokter | | | | | |
| | Telefoonnommer van huisdokter | | | | | |
| 9 | Allergies vir enige kossoorte? | JA | | | NEE | |
| | Indien ja, spesifiseer | | | | | |
| 10 | Allergies vir enige medikasie? | JA | | | NEE | |
| | Indien ja, spesifiseer | | | | | |
| 11 | Mediese kondisie(s) waarvan die skool moet weet: | JA | | | NEE | |
| | Volledige beskrywing van kondisie(s) | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 12 | Gebruik u kind tans medikasie? | JA | | | NEE | |
| | Indien ja, volledige lys van medikasie, waarvoor en wanneer dit geneem moet word. | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| 13 | Besonderhede van persoon wat hierdie inligting voorsien | | | | | |
| | Naam | | | | | |
| | Kontakbesonderhede | | | | | |
| | Verhouding tot die leerder | | | | | |
| | Handtekening | | | | | |
| | Datum | | | | | |